28 Mei 2020 | R7,60
Tel 028 312 3717

Jong man reg voor ma se huis doodgery

Tragedie op die R43

Bianca Du Plessis

"Hy het sy ma se hand gelos. Toe sy weer sy hand wou vat, het sy misgevat en dis toe dat die kar hom tref. Hy het soos 'n lap deur die lug gevlieg."

Só vertel Priscilla Klaaste wat Saterdag moes toekyk hoe die tragiese ongeluk wat Joshua Ryan (19) se lewe geëis het, voor haar oë gebeur.

Joshua se stiefpa, Daniel Claasen, vertel hy het in die tuin van hul huis reg langs die R43 gewerk toe hy die ongeluk sien gebeur. "Toe die kar hom tref, het hy deur die lug getrek, toe land hy weer op die kar se *bonnet*," vertel Daniel. "Toe die bestuurder van die kar briek trap, het hy afgeval. Sy het toe om hom gery en 'n ent verder gestop."

Joshua se ma, Elizabeth Ryan, sê sy was in 'n toestand toe sy die harde slag van die ongeluk hoor en Priscilla moes keer dat sy aan haar seun se verwronge liggaam raak.

"Dit het nie mooi gelyk nie. Sy oë was oop en die bloed het by sy mond uitgekom," vertel Elizabeth bewoë.

Met haar aankoms later by die hospitaal het Elizabeth die tragiese nuus ontvang dat die dokters niks kon doen om haar seun se lewe te red nie.

"Daar was so baie masjiene wat hom aan die lewe probeer hou het. Die dokters het gesê ek moet aan hom raak sodat hy weet ek is by hom. Ek het heeltyd by hom gesit en met hom gepraat en gebid tot die masjien gewys het sy hart klop nie meer nie," vertel Elizabeth.

Elizabeth Ryan en haar lewensmaat, Daniel Claasen, wys waar Joshua 'n paar meter van hul huis langs die R43 raakgery is. Foto: Bianca Du Plessis

Kapt. Fadila September, woordvoerder van die Hermanus-polisie, het bevestig Joshua het in die Hermanus-hospitaal aan sy beserings beswyk. "Die polisie ondersoek 'n saak van strafbare manslag," het sy bygevoeg.

Joshua Ryan het in die hospitaal gesterf.

Joshua was 'n leerder aan die Camphill Skool in die Hemel-en-Aarde vallei en lid van die Overstrand Vereniging vir Mense met Gestremdhede (OAPD).

Elizabeth en Daniel sê hulle koester geen wrok teen die bestuurder van die voertuig wat Joshua getref het nie, maar voel maatreëls om voetgangers se veiligheid te verseker, moet verskerp word.

"Dit sal beter wees as daar 'n muur is om die huise van die pad te skei en net een of twee punte waar mense veilig kan oorsteek," aldus Daniel.

Griffon Damon, 'n jong inwoner van Hawston, is ook oortuig dat 'n muur sal help om voetgangers se veiligheid te verseker. "Daar moet gou opgetree word om nog sulke tragedies te voorkom," sê Damon.

Lees meer oor die veiligheid van voetgangers op bl 3.